

Skrifgedeelte: Matteus 24:15-22

Fokusgedeelte: Matteus 24:22

God dra sy uitverkorenes in sy almag

Dit is 'n neerdrukkende openbaring: "Wanneer julle die gruwel van verwoesting ... op die heilige plek sien staan." Gruwel van verwoesting – daaraan kan nie positief gedink word nie. Dit is die openbaring van die duisternis, die hel en Satan.

Die duiwelse magte is aan die werk en hulle doel is baie duidelik. Die hele skepping moet op 'n gruwelike wyse geheel en al verwoes word. Soos die tempel afgebreek sou word, so moet die lewe en skepping van God verwoes word, sodat niks meer van God se grootheid gesien en geëer kan word nie.

Dit is vir ons die openbaring van die stryd tussen hemel en hel, tussen God en Satan. Die profetiese rede berei ons voor op die *verwoestende* werk van Satan. Hy bewerk onenigheid en haat. Hy roep die mens weg van sy Skepper en Redder. Hy vestig vrees en verdrukking. Hy skep 'n atmosfeer van voortvlugtendes sonder heenkome. Mense sterf en Satan lag!

Maar die Skrif meld dat God sy uitverkorenes dra in sy almag! Hy beheer en beperk Satan in sy gruwelike verwoestingswerk. Hy doen dit deur die tyd van verdrukking in te kort. Hy doen dit ter wille van sy uitverkorenes. Hulle is vir Hom oneindig kosbaar. Hy het hulle immers voor die grondlegging van die wêreld geken. Hy het hulle so liefgehad dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om hulle sondeskuld te betaal.

Hy verseker sy uitverkorenes dat Hy nie 'n gruwelike verwoesting bedink nie, maar 'n onbeskryflike heerlikheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie. Hy bring in die plek van 'n duiwelse verwoestingslied die oorwinningslied van sy koninkryk in ons harte: "Ek sien 'n nuwe hemel kom, 'n aarde nuut en vry" (SB 18-6:1).

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6

Ds. MJ Smidt (Tinus) (emeritus)